PROVINSIE WES-KAAP

Provinsiale Koerant

4889

Vrydag, 11 November 1994

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

PROVINCE OF WESTERN CAPE

Provincial Gazette

4889

Friday, 11 November 1994

Registered at the Post Office as a Newspaper

INHOUD

*(*Herdrukke is verkrygbaar by Kamer 6-93, Provinsiale-gebou, Waalstraat, Kaapstad 8001.)*

(Vervolg op bladsy 10822)

CONTENTS

*(*Reprints are obtainable at Room 6-93, Provincial Building, Wale Street, Cape Town 8001.)*

(Continued on page 10822)

PROKLAMASIE

DEUR DIE PREMIER VAN DIE PROVINSIE VAN DIE WES-KAAP

No. 70/1994

MUNISIPALITEIT VIR DIE GEBIED VAN GANSBAAI: VERANDERING VAN GRENSE

Kragtens artikel 8(1) van die Munisipale Ordonnansie, 1974 (Ordonnansie 20 van 1974), saamgelees met artikel 10(1)(a) van die Oorgangswet op Plaaslike Regering, 1993 (Wet 209 van 1993), verander ek hierby, met ingang van die eerste dag van die maand wat volg op die datum van publikasie hiervan, die grense van die Munisipale Gebied van Gansbaai deur die gebiede, soos in die Bylae hiervan beskryf, daarby in te lyf.

Gedateer te Kaapstad op hede die 4de dag van November 1994.

HJ KRIEL, PREMIER

BYLAE

Gedeeltes 12 en 27 van die plaas Klip Fonteyn 711, administratiewe distrik Caledon, in hul geheel.

PROCLAMATION

BY THE PREMIER OF THE PROVINCE OF THE WESTERN CAPE

No. 70/1994

MUNICIPALITY FOR THE AREA OF GANSBAAI: ALTERATION OF BOUNDARIES

Under section 8(1) of the Municipal Ordinance, 1974 (Ordinance 20 of 1974), read in conjunction with section 10(1)(a) of the Local Government Transition Act, 1993 (Act 209 of 1993), I hereby, with effect from the first day of the month following the date of publication hereof, alter the boundaries of the Municipal Area of Gansbaai by incorporating therein the areas as described in the Schedule hereto.

Dated at Cape Town this 4th day of November 1994.

HJ KRIEL, PREMIER

SCHEDULE

Portions 12 and 27 of the farm Klip Fonteyn 711, Administrative District Caledon, in their entirety.

PROVINSIALE KENNISGEWINGS

Die volgende Provinsiale Kennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

J. H. A. BEUKES,
DIREKTEUR-GENERAAL

Provinsiale-gebou,
Waalstraat,
Kaapstad.

P.K. 564/1994 11 November 1994

MUNISIPALITEIT GORDONSBAAI:

STANDAARDVERORDENINGE

Die Premier het dit goedgekeur dat die Munisipale Raad van Gordonsbaai die volgende standaardverordeninge as verordeninge vir die Munisipaliteit Gordonsbaai aanneem:

Standaardverordening insake Verblyfsondernemings, gepubliseer by Provinsiale Kennisgewing 167 van 12 Februarie 1988.

Standaardverordening insake die Aanhou van Pluimvee, gepubliseer by Provinsiale Kennisgewing 246 van 25 April 1986.

P.K. 565/1994 11 November 1994

Die Premier het sy goedkeuring geheg aan die volgende verordening opgestel deur die Munisipaliteit vir die Gebied van Lutzville.

MUNISIPALITEIT VIR DIE GEBIED VAN LUTZVILLE:

VERORDENING VIR DIE VOORKOMING EN ONDERDRUKKING VAN OORLASTE

1. Vir die toepassing van hierdie verordening —

beteken "aanstootlike materiaal" tuinvullis, vuilgoed, afvalmateriaal, rommel, afvalyster, in onbruik geraakte motors, masjinerie of ander voertuie asook die in onbruik geraakte onderdele daarvan, vullis van enige bouwerksaamhede, of enige vullis wat op enige grond of perseel gestort kan word, met inbegrip van nuwe of gebruikte boumateriaal wat nie noodwendig nodig is in verband met *bona fide*-boubedrywighede wat werklik op enige grond aan die gang is nie, en omvat dit enige vaste stof, vloeistof of gas wat

PROVINCIAL NOTICES

The following Provincial Notice is published for general information.

J. H. A. BEUKES,
DIRECTOR-GENERAL

Provincial Building,
Wale Street,
Cape Town.

P.N. 564/1994 11 November 1994

GORDON'S BAY MUNICIPALITY:

STANDARD BY-LAWS

The Premier has approved the adoption by the Municipal Council of Gordon's Bay of the following standard by-laws as by-laws for the Gordon's Bay Municipality:

Standard By-law relating to Accommodation Establishments, published under Provincial Notice 167 dated 12 February 1988.

Standard By-law relating to the Keeping of Poultry, published under Provincial Notice 246 dated 25 April 1986.

P.N. 565/1994 11 November 1994

The Premier has approved the following by-law framed by the Municipality for the Area of Lutzville.

MUNICIPALITY FOR THE AREA OF LUTZVILLE:

BY-LAW FOR THE PREVENTION AND SUPPRESSION OF NUISANCES

1. For the purpose of this by-law —

"Council" means the Municipal Council of Lutzville;

"Town Clerk" means the town clerk of Lutzville;

"erf" means any land, whether vacant, occupied or with buildings thereon;

aanstootlik of gevaarlik of nadelig vir die gesondheid is of kan word of wat wesenlik inbreuk maak op die gewone gemak of gerief van die publiek;

beteken en omvat "eienaar" —

(a) die persoon by wie die regstitel van enige onroerende eiendom berus;

(b) waar die eiendom verhuur is vir 50 jaar of langer, die huurder van sodanige eiendom;

(c) waar die persoon by wie die regstitel berus, insolvent, dood of geestelik versteurd is of indien sy boedel afgestaan is tot voordeel van sy skuldeisers, die persoon by wie die administrasie van die eiendom berus as trustee, eksekuteur, kurator, regverkrygende of administrateur, en

(d) waar die eienaar soos hierbo genoem, afwesig is, die agent of persoon wat die huur vir die betrokke perseel ontvang;

beteken "erf" enige grond, hetsy onbebou, geokkupeer of met geboue daarop;

beteken en omvat "okkupeerder", met betrekking tot enige perseel —

(a) enige persoon in werklike okkupasie;

(b) enige persoon wetlik geregtig om dit te okkupeer, of

(c) enige persoon wat die beheer of bestuur van 'n perseel uitoefen, en omvat dit die agent van sodanige persoon wanneer hy afwesig is uit die Republiek of indien sy adres onbekend is;

het "park" die betekenis wat in artikel 2 van Ordonnansie 20 van 1974 aan die uitdrukking "openbare plek" geheg word;

beteken "perseel" enige gebou of tent saam met die grond waarop dit geleë is asook die aangrensende grond wat in verband daarmee gebruik word, en enige grond sonder geboue of tente, en omvat dit enige voertuig, vervoermiddel of boot;

beteken "raad" die Munisipale Raad van Lutzville;

beteken "stadsklerk" die stadsklerk van Lutzville, en

beteken "tuin" enige eiland of sirkel in enige straat of openbare parkeerterrein wat as rotstuin of tuin uitgelê of met bome of struike beplant is.

2. (1) Niemand mag enige vrugteskille, glasstukke, papier of enige stof of ding wat waarskynlik die skoon toestand van enige park, tuin of kampeergebied sal benadeel of ergenis, gevaar of besering aan persone in sodanige park, tuin of kampeergebied sal veroorsaak, in sodanige park, tuin of kampeergebied plaas, uitgooi, laat bly, neergooi of neersit nie.

(2) Niemand mag enige plastiekbottels, plastieksakke, papier, kartonne, gebreekte bottels, glas of erdeware, enige vrugte- of groenteskille, of enige vullis op enige straat, erf, voetpad of openbare plek gooi, plaas of verbrand of toelaat dat dit daarop gegooi, geplaas of verbrand word nie.

(3) Geen eienaar of okkupeerder van enige winkel of besigheidsperseel of onbeboude grond wat aan sodanige winkel of besigheidsperseel grens, mag enige stoep of veranda van sodanige winkel of besigheidsperseel of onbeboude grond wat aan sodanige winkel of besigheidsperseel grens, gebruik of laat gebruik of toelaat dat dit gebruik word vir die doel om enige goedere, artikels of handelsware op te berg, te stort, weg te doen, uit te stal, te hou, te verkoop of vir verkoop aan te bied nie.

(4) Geen eienaar of okkupeerder van enige winkel of besigheidsperseel of onbeboude grond wat aan sodanige winkel of besigheidsperseel grens, mag sodanige winkel of besigheidsperseel of onbeboude grond wat aan sodanige winkel of besigheidsperseel grens, of enige gedeelte daarvan wat vir die publiek toeganklik of sigbaar is, gebruik of laat gebruik of toelaat dat dit gebruik word vir die doel om enige afvalmateriaal, vullis, kratte, kartonne, houers of ander artikels van 'n dergelike aard op te berg, op te stapel, te stort, weg te doen of te hou nie.

"garden" means any island or circle in any street or public parking area which has been cultivated as a garden or rockery or planted with trees or shrubs;

"objectionable material" means garden litter, rubbish, waste material, rubble, scrap metal, motor cars, machinery or other vehicles and parts thereof which are no longer used, refuse from any building operations, or any refuse capable of being dumped on any land or premises, including new or used building materials not necessarily required in connection with *bona fide* building operations actually in progress on any land, and includes any solid, liquid or gas which is or may become offensive or dangerous or injurious to health or which materially interferes with the ordinary comfort or convenience of the public;

"occupier", in relation to any premises, means and includes —

(a) any person in actual occupation;

(b) any person legally entitled to occupy it, or

(c) any person in charge of or responsible for the management of any premises, and includes the agent of any such person when he is absent from the Republic or his whereabouts are unknown;

"owner" means and includes —

(a) the person in whom is vested the legal title to any immovable property;

(b) where the property has been leased for 50 years or upwards, the lessee of such property;

(c) where the person in whom the legal title is vested is insolvent, dead or of unsound mind or his estate has been assigned for the benefit of his creditors, the person in whom the administration of the property is vested as a trustee, an executor, a curator, an assignee or an administrator, and

(d) where the owner as described above is absent, the agent or person receiving the rent for the property in question;

"park" has the meaning assigned to the term "public place" in section 2 of Ordinance 20 of 1974, and

"premises" means any building or tent together with the land on which the same is situated and the adjoining land used in connection therewith, and any land without buildings or tents, and includes any vehicle, conveyance or boat.

2. (1) No person shall deposit, spill, leave, drop or place any fruit skins, broken glass, paper or any matter or thing likely to be detrimental to the cleanliness of any park, garden or camping area or cause annoyance, danger or injury to persons in such park, garden or camping area.

(2) No person shall throw, deposit or incinerate or permit to be thrown, deposited or incinerated any plastic bottles, plastic bags, paper, cartons, broken bottles, glass or earthenware, or any fruit or vegetable skins and peelings, or any refuse upon any street, erf, footpath or public place.

(3) No owner or occupier of any shop or business premises or vacant land adjoining such shop or business premises shall use or cause or permit to be used any stoep or veranda of such shop or business premises or vacant land adjoining such shop or business premises for the purpose of storing, dumping, disposing of, displaying, keeping, selling or offering for sale any goods, articles or merchandise.

(4) No owner or occupier of any shop or business premises or vacant land adjoining such shop or business premises shall use or cause or permit to be used such shop or business premises or vacant land adjoining such shop or business premises or any portion thereof which is open or visible to the public for the purpose of storing, stacking, dumping, disposing of or keeping any waste material, refuse, crates, cartons, containers or other articles of a like nature.

(5) Geen eienaar of okkupeerder van enige winkel of besigheidsperseel mag enige stoep of veranda van sodanige winkel of besigheidsperseel deur middel van los of vaste strukture, voorwerpe, artikels of middels toemaak of laat toemaak of toelaat dat dit daarmee toegemaak word nie, behalwe deur middel van bouwerk van 'n permanente aard wat uitgevoer word ooreenkomstig planne wat deur die stadsklerk goedgekeur is.

3. Ondanks die bepalings van enige ander verordening mag niemand —

(1) aanstootlike materiaal in of op enige erf, straat, riool, watersloot, vuilriool, deurgang, openbare plein of dorpsgrond stort, ophoop of plaas of laat stort, ophoop of plaas of toelaat dat dit daarin of daarop gestort, opgehoop op geplaas word nie, behalwe op die plek of plekke wat die raad van tyd tot tyd vir sodanige doeleindes afsonder of goedkeur; met dien verstande egter dat die raad toestemming aan openbare garages, werkswinkels en ander bedrywe kan verleen, onderworpe aan die voorwaardes wat in elke geval gestel word, vir die hou, bewaring, herstel, aftakeling of hermontering van enige motorvoertuig of ander voertuig of apparaat op persele wat deur die raad goedgekeur is;

(2) werk op enige erf uitvoer of 'n gebou of grond gebruik vir doeleindes wat daarop bereken is om sodanige erf te ontsier of om inbreuk te maak op die gerief of gemak van die bure of om 'n bron van gevaar vir enige persoon te word nie. Indien die raad van mening is dat hierdie bepaling verontagsaam word, kan hy gelas dat sodanige werk of gebruik onmiddellik gestaak word en dat die vorige toestand herstel word;

(3) enige handel of saak dryf of enige beroep uitoefen op enige erf in die munisipale gebied wat na die mening van die raad 'n bron van ongerief of ergernis vir die omgewing is of kan word nie;

(4) toelaat dat enige erf met bosse, onkruid of gras of ander plantegroei, uitgesonderd gekweekte bome, struike en gras, begroei word in so 'n mate dat dit na die mening van die raad of enige behoorlik gemagtigde werknemer van die raad deur rondlopers, wilde diere of ongediertes as 'n skuilplek gebruik kan word of dat dit die openbare gesondheid of die veiligheid van 'n lid van die gemeenskap kan bedreig of die verspreiding van brande kan bevorder nie;

(5) toelaat dat enige erf vuil, verwaarloos of met knaagdiere, slange, muskiete, vlieë, bosluise, luise of ander insekte wat skadelik is vir die gesondheid, besmet is, of toelaat dat enige onaangename reuke of gasse op sodanige erf afgegee word nie;

(6) toelaat dat die omheining van enige erf in 'n vervalle, onooglike of verwaarloosde toestand raak nie;

(7) toelaat dat 'n gebou of struktuur of enige gedeelte daarvan op enige erf in 'n vervalle, verwaarloosde of onooglike toestand raak, of in gebreke bly om die dakwaterafvoerstelsel, pype, vuilriole, riole, water-, afvalwater- en spoelklosettoerusting en alle ander toebehore wat deel uitmaak van of bevestig is aan enige gebou of struktuur in 'n goeie en heel toestand te hou nie;

(8) op sy perseel 'n dier of voël aanhou wat deur gedurig en te veel te lawaai, die bure steur of vir hulle tot oorlas is nie;

(9) nagvuil op 'n perseel stort of hou of laat stort of hou of toelaat dat dit daarop gestort of gehou word nie, behalwe in 'n behoorlike sanitêre gemak wat die raad goedgekeur het in ooreenstemming met enige verordening van die raad;

(10) op sy perseel 'n sanitêre gemak hou of laat hou of toelaat dat dit daarop gehou word wat van so 'n aard is dat dit 'n oorlas of aanstootlik of nadelig of gevaarlik vir die gesondheid is nie;

(11) 'n openbare gemak of 'n gemak wat in 'n openbare gebou of openbare vermaaklikheidsplek voorsien is, bevuil, misbruik of beskadig nie;

(12) enige aanstootlike materiaal of ding hetsy vloeibaar of vas, wat aanstootlik of gevaarlik of nadelig vir die gesondheid is of kan word, deur of in 'n straat of openbare plek dra of vervoer of toelaat dat dit daardeur of daarin gedra of vervoer word nie, tensy sodanige aanstootlike materiaal of ding met geskikte materiaal bedek is om te voorkom dat 'n oorlas ontstaan;

(5) No owner or occupier of any shop or business premises shall enclose or cause or permit the enclosing of any stoep or veranda of such shop or business premises by means of movable or immovable structures, objects, articles or devices, otherwise than by building work of a permanent nature which shall be carried out in accordance with plans bearing the approval of the Town Clerk.

3. Notwithstanding the provisions of any other by-law no person shall —

(1) dump, accumulate or place or cause or permit to be dumped, accumulated or placed objectionable material in or on any erf, street, drain, water furrow, sewer, thoroughfare, public square or commonage except at such place or places as the Council may from time to time set aside or approve for such purposes; provided, however, that the Council may permit public garages, workshops and other trades, subject to such conditions as may be imposed in each case, to keep, store, repair, dismantle or reassemble any motor vehicle or other vehicle or apparatus on premises approved by the Council;

(2) do work on any erf or use any building or land for purposes calculated to disfigure such erf or to interfere with the convenience or comfort of the neighbours or to become a source of danger to any person. Should the Council be of the opinion that this provision is being ignored, it may instruct that such work or use be discontinued forthwith and that the previous condition be reinstated;

(3) carry on any trade, business or profession on any erf in the municipal area which may, in the opinion of the Council, be or become a source of discomfort or annoyance to the neighbourhood;

(4) allow any erf to be overgrown with bush, weeds or grass or other vegetation, except cultivated trees, shrubs and grass, to such an extent that, in the opinion of the Council or any duly authorised employee of the Council, it may be used as a shelter by vagrants, wild animals or vermin or may threaten the public health or the safety of any member of the community or may promote the spread of fires;

(5) allow any erf to be dirty, neglected or infested with rodents, snakes, mosquitoes, flies, ticks, bugs or other insects harmful to health, or allow any offensive odours or gases to emanate from such erf;

(6) allow the fencing of any erf to fall into a state of disrepair or to become unsightly or dilapidated;

(7) allow any building or structure or any part thereof on any erf to fall into a dilapidated, neglected or unsightly state, or fail to maintain the roof-water disposal system, pipes, sewers, drains, water fittings, waste water fittings, water closet fittings and all other appurtenances forming part of or attached to any building or structure in good and sound repair;

(8) keep on his premises any animal or bird which creates a disturbance or a nuisance to the neighbours by making frequent and excessive noise;

(9) deposit or keep or cause or permit to be deposited or kept any night soil on any premises, except in a proper sanitary convenience approved by the Council in accordance with any by-law of the Council;

(10) keep or cause or permit to be kept upon his premises any sanitary convenience of such nature that it is a nuisance or is offensive or injurious or dangerous to health;

(11) befoul, misuse or damage any public convenience or any convenience provided in any public building or place of public entertainment;

(12) carry or convey or permit to be carried or conveyed through or in any street or public place any objectionable material or thing, whether liquid or solid, which is or may become offensive or dangerous or injurious to health, unless such objectionable material or thing is covered with suitable material to prevent the creation of any nuisance;

(13) 'n lyk op 'n onwettige plek begrawe of wegdoen nie;

(14) toelaat dat die karkas van 'n dier wat sy eiendom of onder sy beheer was en wat op sy perseel of elders in die munisipale gebied gevrek het, onbegrawe bly nie;

(15) duld of toelaat dat 'n spruit, poel, sloot, rioolgeut, geut, waterloop, opwasbak, bad, tenk, spoelkloset, privaat of urinaal op enige grond of perseel wat aan hom behoort of deur hom geokkupeer word of onder sy beheer is, so vuil is of word of in so 'n toestand verkeer of verval of so geleë is of gebou word dat dit aanstootlik of gevaarlik of nadelig vir die gesondheid is nie;

(16) duld of toelaat dat vuil of besoedelde water of enige vuil vloeistof of aanstootlike materiaal vanaf 'n perseel wat aan hom behoort of deur hom geokkupeer word, ongeag of dit vir handels-, sake-, fabrieks-, woon- of enige ander doeleindes geokkupeer word, in 'n straat of op enige grond afloop of vloei nie;

(17) 'n daad pleeg of laat pleeg of toelaat dat dit gepleeg word wat kan lei tot die besoedeling van water wat inwoners van die munisipaliteit die reg het om te gebruik of wat vir die gebruik van sodanige inwoners verskaf of afgesonder is nie;

(18) in 'n openbare stroom, dam of watertrog baai of hom of 'n dier of 'n kledingstuk of ander artikel of ding daarin of by 'n openbare brandkraan of fontein of op 'n plek wat nie deur die raad vir enige sodanige doel afgesonder is, was nie;

(19) te eniger tyd gedurende die dag of nag die openbare vrede in 'n straat of openbare plek versteur deur onbetaamlike geluide te maak, of deur te skreeu, aanhoudend te toeter, te twis of rusie te maak, of deur 'n skare byeen te bring, of deur 'n betoging te reël, of deur te baklei of 'n bakleiery uit te lok, of deur met 'n stok of ander wapen te slaan of dit te swaai of op 'n dreigende wyse te gebruik, of deur enige ander oproerige, gewelddadige of onbetaamlike gedrag nie;

(20) in enige straat of openbare plek rondslenter of op sypaadjies vergader of saamdrom nie;

(21) ware of dienste in 'n straat of openbare plek adverteer deur middel van 'n megafoon, luidspreker of dergelike toestel, of deur aanhoudend te skreeu, op 'n ghong te slaan, toeters te druk of klokke te lui op so 'n wyse dat dit 'n openbare oorlas in die buurt uitmaak nie;

(22) wat in of op 'n private perseel is, die openbare vrede in die omgewing van sodanige perseel versteur deur daarin of daarop onbetaamlike geluide te maak, te skreeu, te twis, rusie te maak of te sing, of deur luidsprekers, radio's, televisiestelle of iets dergeliks aanhoudend en te hard te gebruik nie;

(23) in enige straat of openbare plek beledigende of dreigende taal besig of iets doen wat die vrede kan versteur of wat daarop bereken is om die vrede te versteur nie;

(24) in enige straat of openbare plek om aalmoese bedel of deur die vertoning van wonde, sere, beserings, gebreke of bedelbriewe aalmoese probeer verkry nie;

(25) 'n voertuig of 'n aanstootlike artikel of stuk gereedskap in 'n straat of openbare plek skoonmaak of was nie;

(26) enige woning okkupeer of laat okkupeer of toelaat dat dit geokkupeer word wat nie voorsien is van 'n behoorlike sanitêre gemak van die aard wat voorgeskryf word deur die verordeninge (indien daar is) van die raad wat dan van krag is nie;

(27) enige woning okkupeer of laat okkupeer of toelaat dat dit geokkupeer word wat nie voorsien is van 'n behoorlike, genoegsame en suiwer watervoorraad wat dit onder die omstandighede moontlik is om binne 'n redelike afstand te verkry nie;

(28) wat ophou om 'n perseel (vir langer as een week) te okkupeer, versuim om alle nagvuil, vullis en slaapkamer- of kombuisvuilwater van sodanige perseel te laat verwyder nie;

(29) enige perseel okkupeer of laat okkupeer of toelaat dat dit geokkupeer word op 'n wyse wat skadelik of gevaarlik vir die gesondheid is nie, hetsy by wyse van oorbewoning of andersins;

(13) bury or dispose of any corpse in any unauthorised place;

(14) permit the carcass of any animal, which was his property or in his charge and which has died on his premises or elsewhere in the municipal area, to remain unburied;

(15) cause or permit any stream, pool, ditch, drain, gutter, water-course, sink, bath, cistern, water closet, privy or urinal on any land or premises owned or occupied by him or of which he is in charge to be or become so foul or in such a state or to be so situated or constructed as to be offensive or dangerous or injurious to health;

(16) cause or permit any foul or polluted water or any foul liquid or objectionable material to run or flow from any premises owned or occupied by him, whether occupied for trade, business, manufacturing, dwelling or any other purposes, into any street or on any land;

(17) commit or cause or permit to be committed any act which may pollute any water which inhabitants of the municipality have the right to use or which is provided or reserved for the use of such inhabitants;

(18) bathe or wash himself or any animal or article of clothing or any other article or thing in any public stream, pool or water trough or at any public hydrant or fountain or at any place which has not been set aside by the Council for any such purpose;

(19) at any time of the day or night disturb the public peace in any street or public place by making unseemly noises, or by shouting, insistent hooting, wrangling or quarrelling, or by collecting a crowd, or by organising any demonstration, or by fighting or challenging to fight, or by striking with or brandishing or using in a threatening manner any stick or other weapon, or by any other riotous, violent or unseemly behaviour;

(20) loiter in any street or public place or gather or flock together on pavements;

(21) advertise wares or services in any street or public place by means of any megaphone, loudspeaker or similar device or by insistent shouting, striking of gongs, blowing of horns or ringing of bells in such manner as to constitute a public nuisance in the neighbourhood;

(22) while he is in or on any private premises, disturb the public peace in the neighbourhood of such premises by making therein or thereon any unseemly noises, or by shouting, quarrelling, wrangling or singing, or by the continuous and over-loud use of loudspeakers, radios, television sets or the like;

(23) in any street or public place use any abusive or threatening language or commit any act which may or is calculated to disturb the peace;

(24) solicit alms in any street or public place or endeavour by the exposure of wounds, sores, injuries or deformities or the production of begging letters to obtain alms;

(25) cleanse or wash any vehicle or any offensive article or tool in any street or public place;

(26) occupy or cause or permit to be occupied any dwelling not provided with a proper sanitary convenience of such description as may be prescribed by the by-laws (if any) of the Council in force at the time being;

(27) occupy or cause or permit to be occupied any dwelling not provided with such proper, sufficient and pure water supply as under the circumstances it may be possible to obtain within a reasonable distance;

(28) before giving up occupation of any premise for a longer period than one week, fail to cause to be removed therefrom all night soil, refuse and bedroom or kitchen slopwater;

(29) occupy or cause or permit to be occupied any premises in such manner as to be injurious or dangerous to health, whether by overcrowding or otherwise;

(30) enige woning of gedeelte daarvan okkupeer of laat okkupeer of toelaat dat dit geokkupeer word, wat nie voldoen aan enige vereistes van die Derde Bylae van die Slumswet, 1979 (Wet 76 van 1979), nie;

(31) wat die eienaar is van enige perseel wat aan meer as een huurder verhuur word, versuim om iedere gedeelte van sodanige perseel wat gesamentlik deur meer as een huurder gebruik word te alle tye in 'n skoon en higiëniese toestand te onderhou nie;

(32) wat 'n fabriek of handelsperseel besit of okkupeer, versuim om sodanige fabriek of handelsperseel skoon en vry te hou van aanstootlike reuke wat moontlik kan ontstaan in enige dreineervoor, emmergemak, spoelgemak, grondkloset of urinaal, en dit sodanig te ventileer dat enige gasse, dampe, stof of ander onsuiwerhede wat ontstaan, sover as moontlik vernietig of onskadelik gestel word nie, en geen sodanige persoon mag toelaat dat sodanige fabriek of handelperseel oorbewoon is of sodanige belig en geventileer is dat dit skadelik of gevaarlik is vir die gesondheid van diegene wat daarin werk nie, en

(33) enige voedsel of drinkware wat bedoel is vir menslike gebruik, vir verkoop hou of berei of toelaat dat dit vir verkoop gehou of berei word op 'n perseel wat sodanig geleë of gebou is of gebruik of onderhou word dat dit moontlik sodanige voedsel of drinkware kan besoedel of ongesond of skadelik of gevaarlik vir menslike gebruik kan maak nie.

4. Waar 'n oortreding van enige van die bepalings van hierdie verordening ontstaan as gevolg van 'n gebrek of tekortkoming van 'n strukturele aard, of ten opsigte van 'n perseel of woning wat ongeokkupeer is, word die eienaar geag skuldig te wees aan sodanige oortreding.

5. (1) Indien enige materiaal, voorwerp of ding van watter aard ook al op enige erf opgehoop, gestort, opgeberg of geplaas is of waar enige erf met bosse, onkruid, gras of plantegroei oorgroei is in stryd met artikel 3(1) en (4) kan die raad 'n kennisgewing beteken aan —

(a) die persoon wat regstreeks of onregstreeks vir sodanige ophoping, storting, opberging of plasing verantwoordelik is;

(b) die eienaar van sodanige materiaal, voorwerp of ding, ongeag of hy vir sodanige ophoping, storting, opberging of plasing verantwoordelik is of nie;

(c) die eienaar van die erf waarop sodanige ophoping, storting, opberging of plasing plaasvind, ongeag of hy daarvoor verantwoordelik is of nie, of

(d) die eienaar van die erf wat met bosse, onkruid, gras of plantegroei oorgroei is,

waarin daar van sodanige persoon of eienaar vereis word om sodanige materiaal, voorwerp of ding weg te doen, te vernietig of te verwyder of om sodanige oorgroeisel ten genoeë van die raad te verwyder binne 'n tydperk van 14 dae vanaf die datum van sodanige kennisgewing of binne die verdere tydperk wat die raad op skriftelike aansoek toestaan.

(2) Indien enige persoon of eienaar in gebreke bly om binne die tydperk wat deur die raad bepaal is, aan die vereistes van 'n kennisgewing ingevolge subartikel (1) te voldoen, kan die raad self sodanige materiaal, voorwerp of ding wegdoen, vernietig of verwyder of die oorgroeisel van enige erf verwyder op koste van enigeen of meer van die persoon of eienaars in subartikel (1)(a), (b), (c) en (d) gemeld.

(3) Waar daar op enige erf 'n oortreding van artikel 3(5), (6), (7) of (19) plaasvind, kan die raad na goeddunke 'n kennisgewing aan óf die eienaar óf die okkupeerder beteken om die oorlas te verwyder.

6. Iedereen wat met bouwerk, padbou of konstruksiewerk van enige aard besig is, moet, wanneer dit van hom vereis word, voldoende sanitêre geriewe vir hom en sy werknemers verskaf ten genoeë van en ooreenkomstig enige vereistes gespesifiseer deur die raad.

7. Niemand mag sonder die toestemming van die raad 'n woonwa, tent of ander soortgelyke beskutting van enige aard vir menslike bewoning okkupeer of toelaat dat dit daarvoor geokkupeer word nie, behalwe op 'n gemagtigde woonwa- of kampeerterrein wat deur die raad beheer word; met dien verstande dat 'n woonwa, tent of beskutting wat

(30) occupy or cause or permit to be occupied any dwelling or part thereof which does not comply with any requirements of the Third Schedule of the Slums Act, 1979 (Act 76 of 1979);

(31) if he is the owner of any premises which are let to more than one tenant, fail to maintain at all times in a clean and sanitary condition every part of such premises as may be used in common by more than one tenant;

(32) if he owns or occupies a factory or trading site, fail to keep such factory or trading site in a clean state and free from any offensive smells likely to arise from any drain, privy, water closet, earth closet or urinal, and so ventilate such factory or trading site as to destroy or render harmless as far as possible any gases, vapours, dust or other impurities generated, and no such person shall allow such factory or trading site to be overcrowded, or lighted and ventilated so as to be injurious or dangerous to the health of those employed therein, and

(33) keep or prepare for sale or permit to be kept or prepared for sale any article of food or drink on premises so situated or constructed or so used or kept as to be liable to render any such article of food or drink contaminated or unwholesome or injurious or dangerous for human consumption.

4. Where a contravention of any of the provisions of this by-law arises from any want or defect of a structural nature, or arises in respect of a dwelling or premises which is or are unoccupied, the owner shall be deemed guilty of such contravention.

5. (1) If any material, article or thing of whatsoever nature has been accumulated, dumped, stored or deposited on any erf, or where there is an overgrowth of bush, weeds, grass or vegetation on any erf in contravention of section 3(1) and (4), the Council may serve a notice on —

(a) the person directly or indirectly responsible for such accumulation, dumping, storage or depositing;

(b) the owner of such material, article or thing, whether or not he is responsible for such accumulation, dumping, storage or depositing;

(c) the owner of the erf on which such accumulation, dumping, storage or depositing takes place, whether or not he is responsible therefor, or

(d) the owner of the erf on which there is an overgrowth of bush, weeds, grass or vegetation,

requiring such person or owner to dispose of, destroy or remove such material, article or thing or to clear such overgrowth to the satsifaction of the Council within a period of 14 days from the date of such notice or within such further period as the Council may, on written application, grant.

(2) If any person or owner fails to comply with the requirements of a notice in terms of subsection (1) within the period stipulated by the Council, the Council may itself destroy or remove such material, article or thing, or clear the overgrowth from any erf at the cost of any one or more of the persons or owners referred to in subsection (1)(a), (b), (c) and (d).

(3) Where on any erf there is a contravention of section 3(5), (6), (7) or (19), the Council may at its discretion serve a notice on either the owner or the occupier to remove the nuisance.

6. Every person engaged in building operations, road construction or construction work of any nature shall, when required to do so, provide adequate sanitary accommodation for himself and his employees to the satisfaction of and in accordance with any requirements specified by the Council.

7. No person shall, without the permission of the Council, occupy or permit to be occupied for human habitation, a caravan, tent or other similar shelter of any description except on an authorised camping or caravan site controlled by the Council; provided that a caravan, tent or shelter parked or erected on a private residential site on which has been

geparkeer of opgerig is op private woonperseel waarop 'n woning met al die nodige was- en toiletgeriewe opgerig is, vir 'n tydperk van hoogstens 60 dae vir die tydelike huisvesting van besoekers gebruik kan word.

8. Iedereen wat 'n bepaling van hierdie verordening oortree, is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met die strawwe voorgeskryf in artikel 189(23) van die Munisipale Ordonnansie, 1974 (Ordonnansie 20 van 1974).

P.K. 567/1994 11 November 1994

Die Premier het sy goedkeuring geheg aan die volgende wysiging opgestel deur die Munisipale Raad van Stellenbosch.

MUNISIPALITEIT STELLENBOSCH:

WYSIGING VAN DIE STANDAARDVERORDENING INSAKE STRATE

Die Standaardverordening insake Strate, gepubliseer by Provinsiale Kennisgewing 562 van 2 Oktober 1987, soos gewysig, en aangeneem deur die Munisipale Raad van Stellenbosch by Provinsiale Kennisgewing 215 van 26 Februarie 1988, word hierby in artikel 19 gewysig vir sover dit op die Munisipaliteit Stellenbosch van toepassing is, deur in subartikel (b) die woord "kollekteer," te skrap.

P.K. 570/1994 11 November 1994

Die Premier het sy goedkeuring geheg aan die volgende verordening opgestel deur die Munisipale Raad van Velddrif.

MUNISIPALITEIT VELDDRIF:

VERORDENING INSAKE DIE HEFFING VAN 'N BESKIKBAARHEIDSGELD VIR RIOLERING

1. Die gelde wat aan die raad betaalbaar is deur die eienaar van enige eiendom wat by die rioolstelsel van die raad aangesluit is of wat nie aangesluit is nie, maar wat na die mening van die raad redelikerwys aldus aangesluit kan word, word deur die raad by spesiale besluit vasgestel.

2. Vir die toepassing van hierdie verordening word 'n gedeelte van 'n maand as 'n volle maand beskou, en enige heffing hierkragtens word aan die einde van die maand waarin die aansluiting vir die lewering van die dienste gedoen is, gekanselleer.

Betaling van rekenings

3. (1) Alle rekenings word verskuldig en betaalbaar wanneer sodanige rekenings gelewer word.

(2) Die raad het die reg om rente te hef as 'n rekening nie betaal word binne die vasgestelde tydperk soos in die rekening uiteengesit nie.

(3) Die verantwoordelikheid rus op die eienaars van eiendomme om opgawes van hul rekeninge te verkry sodat dit binne die vasgestelde tydperk betaal kan word.

(4) Indien 'n verbruiker 'n rekening betwis, mag die betaling van die rekening nie deur sodanige verbruiker uitgestel word totdat sodanige geskil geskik is nie.

erected a dwelling with all the necessary ablution and toilet facilities may be used for the temporary accommodation of visitors for a period not exceeding 60 days.

8. Any person contravening any provision of this by-law shall be guilty of an offence and liable on conviction to the penalties prescribed in section 189(23) of the Municipal Ordinance, 1974 (Ordinance 20 of 1974).

P.N. 567/1994 11 November 1994

The Premier has approved the following amendment framed by the Municipal Council of Stellenbosch.

STELLENBOSCH MUNICIPALITY:

AMENDMENT TO THE STANDARD BY-LAW RELATING TO STREETS

The Standard By-law relating to Streets, published under Provincial Notice 562 dated 2 October 1987, as amended, and adopted by the Municipal Council of Stellenbosch under Provincial Notice 215 dated 26 February 1988, is hereby amended in section 19 in so far as it applies to the Stellenbosch Municipality by the deletion in subsection (b) of the word "collect".

P.N. 570/1994 11 November 1994

The Premier has approved the following by-law framed by the Municipal Council of Velddrif.

VELDDRIF MUNICIPALITY:

BY-LAW RELATING TO THE LEVYING OF AN AVAILABILITY CHARGE FOR SEWERAGE

1. The charge payable to the Council by the owner of any property connected to the sewerage system of the Council or not connected to the sewerage system but which in the opinion of the Council can reasonably be so connected shall be fixed by the Council by special resolution.

2. For purposes of this by-law a portion of a month shall be regarded as a full month, and any levy made in terms hereof shall be cancelled only at the end of the month in which the connection for the supply of the services has been made.

Payment of accounts

3. (1) All accounts shall become due and payable when such accounts are rendered.

(2) The Council shall have the right to charge interest if an account is not paid within the prescribed period, as stated on the account.

(3) Owners of premises shall be responsible for obtaining statements of their accounts so as to enable them to pay these within the prescribed period.

(4) If a consumer disputes an account, payment of such account shall not be deferred by such consumer until such dispute has been settled.

P.K. 569/1994 11 November 1994

Die Premier het sy goedkeuring geheg aan die volgende verordening opgestel deur die Munisipale Raad van Stellenbosch.

MUNISIPALITEIT STELLENBOSCH:

VERORDENING INSAKE HUIS-TOT-HUIS-KOLLEKTES

Woordomskrywings

1. In hierdie verordening, tensy uit die samehang anders blyk, beteken —

"direkteur" die Direkteur van Fondsinsameling kragtens artikel 3 van die Wet aangestel;

"raad" die Munisipale Raad van Stellenbosch;

"stadsklerk" die Uitvoerende Hoof/Stadsklerk van die Munisipaliteit Stellenbosch, enige ander persoon wat wettig in dié hoedanigheid optree en enige werknemer van die raad wat deur die stadsklerk behoorlik daartoe gemagtig is, en

"wet" die Wet op Fondsinsameling, 1978 (Wet 107 van 1978), soos gewysig.

2. (1) Geen persoon mag —

(a) enige geld of goedere van huis tot huis kollekteer, probeer kollekteer of toelaat dat dit gekollekteer word sonder die skriftelike magtiging van die direkteur nie, en

(b) sonder die skriftelike toestemming van die raad enige geld of goedere van huis tot huis kollekteer, probeer kollekteer of toelaat dat dit gekollekteer word of 'n kollekte van huis tot huis vir geld of goedere reël of op enige wyse by die reëling daarvan betrokke wees nie.

(2) Enige persoon wat hom besig hou met 'n huis-tot-huis-kollekte moet die nodige magtiging op aanvraag toon, welke magtiging van die raad se amptelike stempel voorsien moet wees.

(3) Enige aansoek om die toestemming van die raad ingevolge subartikel (1) moet skriftelik by die stadsklerk ingedien word, en daarin moet vermeld word —

(a) die volle naam, adres en beroep van die persoon wat vir sodanige kollekte verantwoordelik gaan wees of van die persone wat gesamentlik daarvoor verantwoordelik gaan wees;

(b) die doel waarvoor sodanige kollekte gehou gaan word of die fonds waarvoor die opbrengs daarvan aangewend gaan word, en of sodanige doel of fonds van 'n plaaslike aard vir Stellenbosch is;

(c) waar 'n aansoeker die plaaslike tak van 'n groter organisasie is, watter persentasie, indien daar is, aan die moederorganisasie betaal gaan word;

(d) die dag, dae of tydperk waarop en die ure waartussen sodanige kollekte gehou gaan word;

(e) die gebied waar sodanige kollekte gehou gaan word;

(f) of die bruto bedrag van die opbrengs sonder enige aftrekking vir die betrokke doel of fonds aangewend gaan word;

(g) die naam en adres van die persoon wat oor sodanige kollekte toesig gaan hou, en

(h) of bydraes in die vorm van goedere en kontant op lyste aangeteken gaan word.

(4) Waar bydraes op lyste aangeteken gaan word, moet die volgende op sodanige lyste vermeld word:

(a) dat sodanige kollekte met die toestemming van die raad gehou word;

P.N. 569/1994 11 November 1994

The Premier has approved the following by-law framed by the Municipal Council of Stellenbosch.

STELLENBOSCH MUNICIPALITY:

BY-LAW RELATING TO DOOR-TO-DOOR COLLECTIONS

Definitions

1. In this by-law, unless the context otherwise indicates —

"act" means the Fund-raising Act, 1978 (Act 107 of 1978), as amended;

"Council" means the Municipal Council of Stellenbosch;

"Director" means the Director of Fund-raising, appointed under section 3 of the Act, and

"Town Clerk" means the Chief Executive/Town Clerk of the Municipality of Stellenbosch, any other person lawfully acting in this capacity, and any employee of the Council duly authorised thereto by the Town Clerk.

2. (1) No person shall —

(a) collect, attempt to collect or permit to be collected from door to door any money or goods without the written authorisation of the Director, and

(b) collect, attempt to collect or permit to be collected from door to door any money or goods, or conduct or in any way be concerned in the conduct of any collection from door to door for money or goods, without the written consent of the Council.

(2) Anyone engaged in door to door collecting shall produce the necessary authority to do so on demand, which authority must have the Council's official mark thereon.

(3) Any application for the consent of the Council in terms of subsection (1) shall be submitted to the Town Clerk in writing and shall state —

(a) the full name, address and occupation of the person to be responsible or of persons to be jointly responsible for such collection;

(b) the object for which such collection is to be made or the fund to which the proceeds thereof are to go, and whether such object or fund is local to Stellenbosch;

(c) where an applicant is the local branch of a larger organisation, what percentage, if any, will be paid over to the parent organisation;

(d) the day, days or period on or for which and the hours between which such collection is to be made;

(e) the area where such collection is to be made;

(f) whether the gross amount of the proceeds without any deduction is to be used for the object concerned or is to go to the fund concerned;

(g) the name and address of the person who will supervise such collection, and

(h) whether contributions in the form of goods and cash will be recorded on lists.

(4) Where contributions are to be recorded on lists, such lists shall state:

(a) that such collection is being made with the consent of the Council;

(b) die doel of die fonds waarvoor die opbrengs aangewend gaan word;

(c) deur wie sodanige kollekte gehou of gereël word, en

(d) die naam en adres van die persoon wat oor sodanige kollekte toesig hou.

(5) Waar bydraes aangeteken of ontvang gaan word op 'n ander wyse as dié wat in subartikel (4) voorgeskryf word, moet die toestemming van die Uitvoerende Hoof/Stadsklerk daartoe vooraf verkry word.

3. Niemand onder die ouderdom van 12 jaar mag in verband met 'n kollekte gebruik word of werksaam wees nie en enige persoon of organisasie wat die skriftelike toestemming van die raad verkry het om sodanige kollekte te hou, is verantwoordelik daarvoor om toe te sien dat die bepalings van hierdie verordening stiptelik nagekom word.

4. Iedereen wat enige bepalings van hierdie verordening oortree of in gebreke bly om daaraan te voldoen, is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar soos voorgeskryf in artikel 213(3) van die Munisipale Ordonnansie, 1974 (Ordonnansie 20 van 1974).

P.K. 568/1994 11 November 1994

Die Premier het sy goedkeuring geheg aan die volgende wysiging opgestel deur die Munisipale Raad van Stellenbosch.

MUNISIPALITEIT STELLENBOSCH:

WYSIGING VAN DIE VERORDENING INSAKE DIE VERWYDERING VAN VULLIS

Die verordening afgekondig by Provinsiale Kennisgewing 772 van 15 Desember 1958, soos gewysig, word hierby verder soos volg gewysig —

1. In artikel 1, deur na die woordomskrywing van "gemagtigde beampte" die volgende woordomskrywing in te voeg:

"'mediese afval' sneespapier, verband, depper, spuit of naald of enige ander wegdoenbare item afkomstig van die behandeling van enige persoon of dier deur mediese praktisyn, tandarts, veearts of enige ander persoon wat bekwaam is om sodanige behandeling te gee by enige spreekkamer, hospitaal, kliniek of ander plek hoegenaamd."

2. Deur na artikel 5 die volgende artikel in te voeg; die bestaande artikels 6 tot 8 word dan 7 tot 9:

"Wegdoen van mediese afval

6. (1) Dit is die verantwoordelikheid van enige persoon wat mediese afval voortbring om toe te sien dat geen sodanige afval gelaat word by die normale huishoudelike vullis nie.

(2) Dit is die verantwoordelikheid van enige persoon wat mediese afval voortbring om toe te sien dat sodanige afval weggedoen word op 'n wyse wat deur die raad goedgekeur en aanvaar is ten einde enige gevaar vir enige persoon te voorkom.

(3) Enige persoon wat mediese afval voortbring, moet toesien dat sodanige afval veilig in goedgekeurde spesiale houers opgeberg word totdat dit vanaf die perseel na 'n goedgekeurde wegdoenpunt verwyder word.

(4) Enige persoon wat mediese afval wil hanteer en wegdoen, moet ten genoeë van die raad bevoeg wees om dit te doen, en moet in besit wees van geskikte toerusting om sodanige afval te hanteer sonder om die gemeenskap en/of die omgewing in gevaar te stel.

(5) Enige persoon wat mediese afval wegdoen op so 'n wyse dat dit 'n gevaar inhou vir die gemeenskap, is skuldig aan 'n misdryf."

(b) the object or the fund for which the proceeds shall be used;

(c) by whom such collection is being made or conducted, and

(d) the name and address of the person supervising such collection.

(5) Where contributions are to be recorded or received in a manner other than that prescribed in subsection (4), the consent of the Chief Executive/Town Clerk thereto shall first be obtained.

3. No person under the age of 12 years shall be employed or engaged in any collection and any person who or any organisation which has obtained the written consent of the Council to make such collection shall be responsible for ensuring that the provisions of this by-law are strictly complied with.

4. Any person who contravenes or fails to comply with any provisions of this by-law shall be guilty of an offence and upon conviction be liable to a fine as prescribed in section 213(3) of the Municipal Ordinance, 1974 (Ordinance 20 of 1974).

P.N. 568/1994 11 November 1994

The Premier has approved the following amendment framed by the Municipal Council of Stellenbosch.

STELLENBOSCH MUNICIPALITY:

AMENDMENT TO THE BY-LAW RELATING TO THE REMOVAL OF REFUSE

The by-law promulgated under Provincial Notice 772 dated 15 December 1958, as amended, is hereby further amended as follows —

1. In section 1, by the insertion after the definition of "Council" of the following definition:

